# DIE BANTOE IN DIE GEVORDERDE ARBEIDSVORME*

Die inhoud van hierdie voordrag is in hoofsaak 'n verwerking van 'n lesing oor *The Bantu as a White Collar Worker* wat ek vroeër vanjaar voor 'n byeenkoms van die Johannesburgse afdeling van die *National Development Foundation* gehou het. Derhalwe wil ek ook my erkentlikheid teenoor die liggaam betuig vir die verlof om dieselfde stof te gebruik ten bate (hopelik) van die Afrika-Seminaar en terselfdertyd ook vir nuwe insigte waartoe die bespreking op genoemde byeenkoms my gelei het.

Die studie van hierdie onderwerp is geensins sonder probleme nie. Wat myself betref, moet erken word dat dit my ontbreek aan enige noemenswaardige eerstehandse kennis betreffende hierdie aspek van die ontwikkelende Bantoe-ervaring. Die akademikus moet hom in hierdie geval verlaat op die ervaring van waarnemers en informante sonder wetenskaplike opleiding. Dit is te verwagte dat die waarnemings en mededelings uit hierdie aard meestal sterk bevooroordeeld en eensydig kan wees. Op wetenskaplike gebied is nog weinig oor hierdie onderwerp gepubliseer. Die beste werk is tot dusver gedoen deur die *Nasionale Instituut vir Personeelnavorsing* van die W.N.N.R. onder die bekwame leierskap van dr. Biesheuwel. Ook aan hierdie Instituut is ek dank verskuldig vir waardevolle gegewens wat tot my beskikking gestel is. Die meeste van die werk van die Instituut het egter tot dusver nog nie regstreeks betrekking op die besondere onderwerp nie. Desnieteenstaande kan ek vrugbare gebruik maak van dr. Biesheuvel se referaat oor *The Occupational Abilities of Africans* en van Sherwood se studie oor *The Bantu Clerk — a study of Role Expectations.*

Die term „gevorderde arbeidsvorme" is 'n poging om uitdrukking te gee aan die Engelse begrip „white collar work." Vir die doel van hierdie bespreking is die betekenis van „white collar"-werker baie breed vertolk ten einde die wyds-moontlike veld te dek. Dit sluit alle arbeidsfere in behalwe die min of meer stereotiepe vorme van ongeskoolde handewerk tesame met ander soorte arbeid selfs van halfgeskoolde aard wat hoofsaaklik handvaardigheid vereis soos masjienoperateurswerk en ander soortgelyke bedrywighede. Dit omvat dus alle soorte werk van administratiewe, klerikale, uitvoerende, professionele en semi-professionele aard. Klerke, tiksters, sport-organiseerders, verkoopslui, sakelui, verpleërs(sters), onderwysers(esse), polisie, predikante, ens. ens. val almal binne die groep. Dit is uiteraard 'n enigsins vae omskrywing maar in 'n voorlopige en

*Lesing gehou voor die Afrika-seminaar van die P.U. vir C.H.O.

verkennende ondersoek, meen ek, is dit geoorloof. Alleen verdere navorsing op die gebied sal dit moontlik maak om die onderwerp nader te omlyn.

Vier aspekte vra die aandag. Allereers behoort die tradisionele en geykte situasie en gedagtes ontleed te word. Tweedens kom die vraag na vore of die Bantoe in hierdie rigting behoort te ontwikkel. Vervolgens staan ons voor die kernvraag of die Bantoe die basiese moontlikhede en bekwaamhede besit om enige vordering te maak op hierdie weg en ten slotte — indien die vorige vraag bevestigend beantwoord kan word — watter moontlikhede en vooruitsigte daar vandag en môre bestaan.

Wat die eerste aspek betref, t.w. die tradisioneelgeykte omstandighede en houding is daar ook weer twee kante wat aandag verdien. Enersyds het die ondersoeker te doen met die geykte opvatting waarvolgens die Bantoe uitsluitlik geassosieer word met allerlei soorte ongeskoolde handearbeid. Die opvatting is so algemeen en sterk dat daar selde gedink word aan die moontlikheid selfs dat hy ander soorte werk sou kon verrig. Vir die gemiddelde Suid-Afrikaner is Bantoearbeid ongeskoolde handewerk en omgekeerd: handewerk is kafferwerk. Hoe aanvegbaar hierdie opvatting in beginsel ookal mag wees, moet onthou word dat dit nie maar 'n houding is wat nêrens vandaan kom en sonder ervaringsgronde is nie. Dit is die natuurlike en begryplike gevolg van die sosio-kulturele en ekonomiese omstandighede van ons geskiedenis. Dit illustreer trouens ook weer die bekende sielkundige en sosiale verskynsel wat in elke menslike samelewing voorkom, nl. om algemene gevolgtrekkings te maak op grond van 'n tydelike unieke situasie. Dit bring ook weer na vore die gevaarlike neiging om 'n praktiese, tydelike situasie te verhef tot 'n permanente onveranderlike en bindende norm. Omdat die Bantoe — as gevolg van eenvoudig verklaarbare historiese redes — tot dusver 'n handwerker was in die oorwegend blank-geleide samelewing, word maklik geredeneer dat hy dit altyd sal en moet bly.

Sodanige opvatting berus alleen op die toestande van die verlede en neem nie die ingrypende sosiale, ekonomiese en kulturele veranderinge wat in Suid-Afrika plaasvind in aanmerking nie. Ons binnelandse ekonomiese lewe het bv. grootliks gediversifieerd geraak. 'n Natuurlike gevolg daarvan is 'n intensiewe vermeerdering van klerklike, administratiewe en uitvoerende werksaamhede — juis dié wat ingesluit word onder die term „white collar". In die eerste plek het die blanke bevolking in sy samestelling hierdie verandering beleef. Namate die Bantoebevolking hierin betrek word — en daar bestaan geen rede waarom dit nie sal gebeur nie — moet verwag word dat dit dieselfde wysiging sal ondergaan.

Die waarheidselement in die genoemde geykte opvatting berus op twee feite. Enersyds was die Bantoe se posisie binne die blank-geleide ekonomie van die staanspoor af oorwegend, feitlik uitsluitend, dié van 'n hande-arbeider hetsy in die landbou of die mynbedryf. Geen ander moontlikhede het daar bestaan nie. Van fundamentele betekenis is ook

die tweede feit, nl. dat die Bantoe geen werklike tradisie betreffende administrasie en verwante bedrywighede besit het nie. In sy skriflose stamkultuur was daar geen plek vir 'n klerk nie. Ook het die tradisionele Bantoekultuur geeneen van die wesentlike elemente bevat vir enige werklike administratiewe ervaring nie. Die ekonomiese lewe het op die primitiewe trap van veeteelt en verskuiwende landbou berus. Geeneen van die twee komponente het enige noemenswaardige administrasie of organisasie vereis nie. Dit was nie eers vergelykbaar met daardie toestande bv. in sommige dele van Wes-Afrika waar handel en nywerheid 'n belangrike komponent van die stam- of nasionale ekonomie vorm nie. Selfs ook die politieke struktuur en organisasie wat gewoonlik 'n sekere mate van administratiewe en uitvoerende funksies vereis en gevolglik desbetreffende ervaring laat opdoen, het selde bo die stam uitgestyg. Die natuurlike gevolg was dat hierdie soort bedrywighede nie tot enige werklike ontwikkeling kon kom nie. Daarby moet altyd in ag geneem word dat, selfs wat hierdie minimum geleenthede en ervaring betref, dit beperk was tot die *Bantoe*lewenswyse wat wesentlik verskillend was van die eise van die blanke se beskawing. Die Bantoe moes derhalwe uiteindelik sy aanraking met en bedrywighede in die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe onder blanke leiding. met 'n totale agterstand op hierdie terrein begin.

Die tweede vraag is of die Bantoe toegelaat behoort te word tot hierdie, vir hom volkome, nuwe arbeidsfere? Terwyl die vorige vraag gegaan het oor suiwere feitlike gegewens, raak ons nou 'n saak van beleid en van sedelike oorwegings. In die onderskrywing van 'n beleid van eiesoortige nasionale ontwikkeling, moet daar m.i. net soveel klem gelê word op *ontwikkeling* as op *eiesoortige*. Dit is na my beskouing 'n basiese voorwaarde. Sonder die gedagte van ontwikkeling verloor die hele begrip sy sin en regverdiging. En vir die beantwoording van die hierbo gestelde vraag is die belangrikheid van die beklemtoning van die ontwikkelingsaspek vanselfsprekend. Dit lê aan die wortel van die saak.

Laat ons dadelik duidelik onderskei tussen die werklikheid van ontwikkeling en die reg om te ontwikkel. Terwyl verderaan meer aandag gegee word aan die ontwikkelingsituasie van die Bantoe op hierdie gebied, kan nou volstaan word met enkele opmerkings. Die sosio-ekonomiese groei van Suid-Afrika het noodwendig 'n wye diversifikasie van werkgeleenthede vir blank en nie-blank geskep. Hierdie neiging gaan met toenemende tempo voort. Menslike handvaardigheid word blykbaar teen 'n hoër tempo en in groter omvang vervang deur meganisasie en outomatisasie as bedrywighede op 'n hoër vlak. Dit lyk vir my bloot op grond van getalle onwaarskynlik dat die blanke onder bestaande omstandighede, selfs met behulp van toenemende immigrasie, in staat sal wees om die „white collar"-front alleen te beman. Daarby moet in berekening gebring word dat die Bantoe reeds besig is om hierdie gebied

binne te val — ten minste so verkies sommige om die Bantoe se toetrede in die verband te sien. Oor die hele kontinent dring die nie-blanke volke daarop aan om hulle eie sake te bestuur. Vryheid en onafhanklikheid vereis dat hulle ook in staat moet wees om hulle eie werk te doen op alle lewensterreine en op alle lewensvlakke.

Toetrede tot die veld van die sg. „white collar"-arbeid is 'n natuurlike en logiese aspek van die Bantoe se sosio-kulturele ontwikkeling. Blank en nie-blank het 'n sedelike en nasionale verantwoordelikheid en plig om hierdie deel van sy nasionale vooruitgang te verwesenlik. Dit kan nie verhinder word sonder ernstige gevaarlike gevolge, of aan bande gelê word met enige sedelike regverdiging nie. As die Bantoe onwillig of onbekwaam is vir ontwikkeling in hierdie rigting, dan is hulle ook sonder toekoms as 'n nasie en moet hulle 'n volk van houthakkers en waterputters bly. Administratiewe, uitvoerende en soortgelyke werksaamhede in sy omvattende verskeidenheid van vorm en funksie is integrale dele van die Westerse beskawing, wat in toenemende mate deur die Bantoe tot sy eie gemaak word. Trouens, hierdie soort aktiwiteite is 'n noodsaaklike komponent van elke min of meer ontwikkelde gemeenskap, hetsy van die ou Inca-staat van Peru, die antieke Sjinese keiserryk of van die Hausa-state van noordelike Afrika.

Wat ook al die toekoms vir die Republiek van Suid-Afrika in die skoot hou — of dit nou alle bestaande rasse, volke en kulture binne die Republiek se grense onder die gesag van een staat gaan saamvat en of een of ander vorm van staatkundige afsonderlikheid gaan ontstaan — die Bantoe mag nie en kan nie weerhou word van voortgang op hierdie weg betreffende die arbeidslewe nie. Die twee genoemde staatkundige ontwikkelingsrigtings kan alleen die omvang en die tempo van hierdie ontwikkeling beïnvloed, maar nie die feit en die beginsel daarvan nie.

Maar beskik die Bantoe oor die moontlikhede? Baie mense, selfs onder diegene wat sterk geykte opvattings huldig, sal bereid wees om die noodsaaklikheid van die reg op sodanige ontwikkeling vir die Bantoe te erken, sy dit dan onderhewig aan allerlei kwalifikasies. Maar onder die invloed van hulle persoonlike praktiese ervaring twyfel hulle meestal of die Bantoe oor die algemeen bekwaam is om te voldoen aan die vereistes van die nuwe situasie. Ter stawing van so 'n opvatting word dan verwys na 'n indrukwekkende reeks mislukkinge op hierdie gebied: gebrek aan gehoorsaamheid en respek, oorheersende houding teenoor hulle eie mense, gebrek aan ambisie, oneerlikheid, gebrek aan inisiatief, ondoeltreffendheid, gebrek aan stiptheid, gebrek aan betroubaarheid, ens., ens.

Dit raak 'n fundamentele aspek van die saak. As dit onbetwyfelbaar bewys kan word dat die aanwesigheid van geestelike en emosionele potensiaal vir hierdie soorte werk en aktiwiteit by die Bantoe ontbreek, het dit geen sin om verder aandag aan die onderwerp te gee nie. Dit

is derhalwe noodsaaklik om hierdie bedenkinge wat nie bloot uit die lug gegryp is nie maar op ervaring berus, noukeurig en versigtig te ontleed. Vir soverre die genoemde mislukkings werklik is, moet antwoorde gevind word op die vrae: waaraan is dit toe te skryf en: kan dit uitgeskakel word?

Die vraagstuk van rasseverskille ten opsigte van intellektuele, geestelike en emosionele aanleg, kan hier nie volledig bespreek word nie. Dit is egter noodsaaklik om enkele opmerkinge daaroor te maak ten einde die algemene misverstande en vooroordele in dié verband aan die lig te bring. 'n Baie populêre opvatting is dat die Bantoe en trouens alle nie-blankes, taamlik vér benede die blanke verkeer t.o.v. gemiddelde intelligensie waarby ingesluit word die vermoë om te leer, te redeneer en om die opgedane ervaring geslaagd toe te pas by die oplossing van nuwe probleme. In teenstelling hiermee is ander, onder wie 'n groep sosiaal-wetenskaplikes van UNESCO, van oordeel dat die menslike rasse onderskei word alleen deur liggaamlike eienskappe, dat hulle intelligensie en temperamentele samestelling basies dieselfde is en dat selfs opmerklike kwalitatiewe verskille uitsluitend die vrug is van omgewingsomstandighede.

Met dr. Biesheuvel en andere stem ek saam dat nie een van die bogenoemde twee opvattinge wetenskaplik bewys is nie. Die ouere bevindinge van verstandstoetse wat geneig het om aan te toon dat daar 'n aansienlike verskil in verstandsouderdom tussen die gemiddelde blanke en Bantoe bestaan, word nie meer aanvaar nie. Daar is geen toets beskikbaar met presies eweveel geldigheid vir albei rasse nie. Volgens Biesheuvel kan intelligensietoetse die beste gedoen word deur verbale proewe wat nie toepasbaar is tensy dat albei rasse dieselfde taal praat nie. Prestasies in die beskikbare non-verbale toetse berus op intellektuele en handvaardigheid wat net so 'n deel kan uitmaak van 'n besondere kultuur as die taal self. Dieselfde geld vir die beeldtoetse (pictorial tests).

Die intellektuele vermoë word basies in die kiemplasma bepaal maar die mate waartoe dit tot ontwikkeling gebring sal word, hang grotendeels af van omgewingsfaktore. Die algemene laere prestasies van Amerikaanse Negers in vergelyking met blanke Amerikaners is gevolglik waarskynlik verklaarbaar in terme van die groot verskil in sosio-ekonomiese status. Selfs in hierdie geval kan nie met volslae sekerheid beweer word dat hierdie verskille sal verdwyn as omgewingstoestande identies gemaak word vir die twee rasse hetsy in Amerika of in Suid-Afrika nie. Ras-ontwikkeling geskied deur genetiese differensiasie en vir sover as wat intellek afhanklik is van genetiese samestelling kan dit nie van hierdie proses uitgesluit word nie. Dit kom dus aanvaarbaarder voor dat die verstandsverskil tussen rasse eerder 'n saak is van 'n *neiging* na besondere bekwaamhede as van 'n algemene intellektuele kapasiteit. „There may be a real difference in the mean level that can be achieved; or there may be not difference at all,

neither qualitative nor quantitative, given equivalent opportunities for development" (Biesheuvel).

'n Volgende soortgelyke faktor, verbonde met die aangebore eienskappe, is die persoonlikheid. In sy aspekte van sedelike waardes, ambisies, dryfvere, selfbeheersing e.d.m. word die persoonlikheid tot 'n groter mate deur die kulturele milieu waarin die indiwidu opgroei, gevorm as die intellek. Maar ook hier is 'n konstitusionele basis wat gewoonlik aangedui word as die temperament insluitende 'n persoon se inisiatief, emosies, reaksies en tempo van aksie. Veral op hierdie gebied word dit buitengewoon moeilik om in die juiste evaluasie van die Bantoe se prestasies presies te onderskei tussen aangebore en gevolglik onveranderbare eienskappe en die gevolg van sy kulturele lewe hetsy in die stam of in die grensomgewing.

Met hierdie opmerkings in gedagte en uitgaande van die opvatting dat die mensdom uit een bloed geskape is en derhalwe prinsipieel 'n eenheid is met min of meer dieselfde *basiese* aanleg, wil ek vir die verdere bespreking aanvaar dat die Bantoevolke wesentlik toegerus is met genoegsame verstandelike en temperamentele vermoë om die onderhawige gebied te betree in hulle natuurlike ontwikkeling. Daarby sluit ek nie die moontlikheid uit dat sommige van hulle beweerde en werklike mislukkings tot dusver ten minste gedeeltelik toegeskryf kan word aan aangebore geestelike eienaardighede nie. Maar dit is meer as waarskynlik dat die meeste daarvan voortspruit uit omgewingsfaktore.

Die aandag is reeds gevestig op die gebrek aan „white collar"-ervaring in die Bantoe se tradisionele stamomstandighede. Dit is ook van toepassing op die tradisionele kontaksituasie in Suid-Afrika waar Bantoearbeiders tot dusver feitlik uitsluitend vir ongeskoolde handearbeid gebruik is. Dit beteken dat die Bantoe moet ingroei in 'n nuwe situasie met vreemde vereistes. Sherwood se stelling dat „in the process of acculturation the western concept of the role of the clerk would inevitably be communicated to and gradually assimilated by the emergent middle class Bantu" is ook van toepassing op hierdie breëre veld van ondersoek. Die stelling het selfs verder reikende gevolge „where the clerk's role requires the drastic denial of patterns established in childhood, and their replacement by new, unfamiliar western patterns." Voeg hierby dat die Bantoewerker by sy gebrek aan „white collar"-ervaring bepaalde tradisionele houdings moet afleer voordat hy in die totaal nuwe sfeer kan inpas. Dit is duidelik dat so 'n proses 'n groot mate van aanpassing en selfs van spanning meebring. Om 'n saak te bestuur, om toesig te hou oor 'n kantoor, om onderwys te gee, om vorms in te vul, om notule en rapporte te skryf — elkeen van hierdie bedrywighede vereis 'n basiese begrip van die struktuur, organisasie en funksie van die moderne samelewing.

Spoed, tydigheid en 'n hoë bedryfstempo is basiese kenmerke van

die hedendaagse Westerse samelewing. Dit staan in sterk kontras met die tydsaamheid van die kulturele tradisies van die Bantoe. Produktiwiteit berus op spoed en die vermoë om onder hoë druk te werk, en die Bantoe skyn onbekwaam te wees om aan hierdie vereistes te voldoen sowel in operatiewe as uitvoerende posisies. Dit mag die vrug wees van sommige aangebore temperamentele eienskappe, maar dit is waarskynliker dat dit die gevolg is van die oorheersende tempo van sy kultuur. Daarby is dit bekend dat gesondheid en voeding faktore is wat 'n regstreekse invloed uitoefen op spoed en volharding. Tydigheid word bv. waarskynlik ook beïnvloed deur die afstand wat die werker moet aflê van sy huis na sy werk, die vervoergeriewe, e.d.m.

Een van die algemene punte van kritiek teen Bantoewerkers is dat hulle bevredigend werk onder toesig maar dat hulle nie betroubaar is as opsigters nie en dat hulle gedrag veel te wense oorlaat wanneer administratiewe en klerklike pligte aan hulle opgedra word. Dit is betreklik maklik om toesig te hou oor 'n span pad-, spoorweg- of mynwerkers, maar dit word feitlik onmoontlik om voortdurende toesig te hou oor die onderwyser, die verpleegster of die handelsreisiger en wie sal toesig hou oor die selfgeëmplojeerde sakeman? Biesheuvel stem saam dat hierdie beswaar veel waarheid bevat maar verskil ten sterkste met die populêre opvatting wat hierdie gebreke bloot toeskryf aan 'n gebrek aan sedelike kwaliteite en 'n aangebore wilswakheid. Wat onthou moet word, is volgens Biesheuvel, dat die Bantoe met betrekking tot sedelike waardes, gedragsnorme en 'n begrip van die hedendaagse Westerse samelewing in een generasie die afstand moet aflê wat die Westerse beskawing oor twintig eeue bereik het. Dit is nie dinge wat verkry kan word soos 'n pak klere nie. Die regte gebruik van pen en papier vereis 'n veel groter mate van assimilasie van die gedagtewêreld van die Westerse beskawing as die gebruik van 'n graaf of die meng van beton. Dieselfde geld aktiwiteite soos verpleging, onderwys, die beheer van 'n liasseerstelsel of boekhouding. Hierdie werksaamhede is gebaseer op waardes, idees en 'n lewensbeskouing wat meegebring is deur groot te word in 'n huis en in 'n gemeenskap waarin 'n besondere gedragskode, 'n bepaalde manier om dinge te doen, tradisioneel bestaan het. In die verkryging sowel as in die handhawing van gebruike en van persoonlike integriteit, is die enkeling tot op groot hoogte 'n produk van 'n sosiale omgewing wat hom deur sy voorbeelde, sanksies en goedkeuring lei in sy opvattinge en optrede.

In hierdie opsig is die Bantoe in die atmosfeer van die Westerse wêreld gekniehalter. Om in hierdie sfeer doeltreffend op te tree moet hy afstand doen van sy stamgebruike en 'n werklike plaasvervanger daarvoor kry. Dit kan nie oornag plaasvind nie. Dit is terselfdertyd die tragedie van alle oorgangsgemeenskappe. Die eerste geslagte moet nuwe vaardighede opdoen sonder 'n tradisie van vakmanskap, tegniese kennis sonder

ervaring van die industriële samelewing waartoe dit behoort, geleerdheid sonder die historiese en kulturele agtergrond wat daaraan sin gee; professionele vaardighede sonder bewuste begrip van die openbare pligte wat daardeur vereis word. Dit is duidelik dat onder sulke omstandighede die aangeleerde dinge maklik vergeet en ewe maklik verkeerd toegepas word.

Aanpassing by en natuurlike seleksie deur klimaat as 'n verklaring vir die verskil in vermoë om 'n hoë peil van prestasies te lewer, moet in hierdie geval van die hand gewys word. In Suid-Afrika leef blank en nie-blank onder dieselfde klimaatsomstandighede en sou dit eerder in die guns van die Bantoe moes gewees het. Veel belangriker is faktore van gesondheid en voeding bv. Baie beweer dat die Bantoe nie in staat is om dieselfde volgehoue arbeid as die blanke te lewer nie. Volgens hierdie beskouing is die Bantoe inherent lui en verkies hy ledigheid bo werk. Volgens Biesheuvel is hierdie oordeel oppervlakkig en neem dit die sosio-ekonomiese omstandighede nie genoemsaam in ag nie. In die stede moet baie Bantoes lang afstande van en na hulle werk reis. Dit hou ook in lang ure in die bus- en treintoue en 'n nagrus in oorbewoonde agterbuurtkrotte wat nouliks beskutting teen die elemente bied. Hulle voeding is gebrekkig, gesondheid swak en ontspanningsgeleenthede min. „In these conditions, it is difficult to be brimful with the zest for life". Ewe ter sake is die opmerking van die volkekundige maj. Birket-Smith, nl. dat gebrek aan selfbeheersing en geestelike vermoeidheid waarskynlik sterk verwant is en dat e.g. 'n eienskap is van die primitiewe kultuur.

'n Verdere aspek van omgewingsinvloed tref die grensposisie van die Bantoe in die Suid-Afrikaanse samelewing. Sherwood het besondere aandag hieraan gegee in haar ondersoek na Bantoe-staatsamptenare. Hoewel dit 'n belangrike faktor is, moet tog opgemerk word dat dit alleen as geldig beskou kan word in sommige sektore van die onderhawige terrein. Verwysing na die marginale posisie van die Bantoewerker is alleen van toepassing waar hy as verteenwoordiger van *blanke* belange en gesag moet optree teenoor 'n *Bantoe*-publiek. Sherwood se ondersoek gaan oor die uiterste toestand nl. van die Bantoe-staatsamptenaar, waarskynlik in die Departement van Bantoe-administrasie. Die posisie van die Bantoepolisie sal min of meer ooreenkomstig wees. „As an intermediary between state and subject, and between dominant white society and a subordinate Bantu population, he (die Bantoe-amptenaar) has strong bonds and primary ties with his own Bantu group; and in his occupational role, he is a public servant, requiring to identify himself with the administration, its explicit aims, the policy it applies and the methods it uses" (Sherwood). Vanselfsprekend veroorsaak die situasie spanning in die Bantoewerker se gedrag met nadelige gevolge ten opsigte van sy prestasies. Sy besondere beklemtoning van aangename

interpersoonlike verhoudinge in sy werk — volgens Sherwood se bevindinge — is waarskynlik regstreeks hierin gegrond.

Een verdere punt moet in hierdie ontleding in ag geneem word. Op hierdie stadium van sy ontwikkeling word die Bantoe tot 'n groot mate aan bande gelê deur sy algemene gebrek aan onderwys en geleerdheid. Doeltreffendheid in handewerk berus nie tot so 'n groot mate op onderwys en opvoeding nie. Maar doeltreffendheid op die vlak van administratiewe en uitvoerende arbeid is beslis afhanklik van enkele van die grondslae van Westerse onderwys soos lees, skryf en reken. Van die ongeveer anderhalf miljoen Bantoekinders op skool in 1960 het slegs 958 die Matrikulasie-eksamen geskryf (pl.m. 1/15%) van wie alleen 178 deurgekom het (pl.m. 23% van alle kandidate). Bykans 1700 Bantoes volg universitêre kursusse terwyl meer as 2,000 reeds gegradueer het — meer as in die res van Afrika. 'n Kwart miljoen beskik oor 'n Std. VI-sertifikaat; 70,000 het die Junior Sertifikaat (Std. VIII) en 15,000 Matriek geslaag. Die getalle met laere skolastiese kwalifikasies sal veel groter wees, aangesien die skoolverlating proporsioneel toeneem na die hoëre standerds. Die bevinding van die Eiselen-kommissie was „dat 'n Bantoekind wat nie minstens Std. II voltooi het nie, so weinig voordeel uit sy onderwys getrek het dat die geld wat daaraan gespandeer is, so goed as verspil is". In vergelyking met die ooreenstemmende gegewens ten opsigte van die blankes, is dit 'n enigsins sombere beeld. Maar indien dit beskou word vanuit die hoek van die Bantoetradisie, neem dit 'n rooskleuriger tint. In elk geval bepaal dit die aandag op die agterstand waarmee die Bantoe as volk te kampe het in 'n kompetisie met die blankes en ander rassegroepe sowel as ten opsigte van hulle taak vir die ontwikkeling van 'n eie staatkundige, ekonomiese en kulturele lewe. Verdere vooruitgang in die „white collar"-gebied vereis uitbreiding van onderwysgeriewe sowel in omvang as in kwaliteit. Aan die ander kant sal sodanige onderwysvooruitgang weer ontwikkeling in die hoëre arbeidsfere stimuleer.

Wat die Bantoe se vermoë betref om hierdie sektor van hoëre arbeidsvorme te beman, kom dit dus voor asof die gegewens van die vorige paragrawe tot die konklusie lei dat die meeste en belangrikste belemmeringe en beweerde mislukkings van die Bantoe op hierdie terrein aan omgewings- en historiese omstandighede te wyte is. Sodanige struikelblokke kan met verloop van tyd uit die weg geruim word deur die gesamentlike pogings van albei betrokke partye. Daar is faktore wat beslis aanspraak maak op die inisiatief en inspanning van die blankes om doeltreffend uit die weg geruim te kan word. Maar ewe belangrik is die feit dat baie daarvan alleen verwyder kan word deur die inspanning van die Bantoes self. Waar die blanke geleenthede kan skep en hulp kan en moet verleen, kan niks bereik word as die Bantoe nie daarvan behoorlike gebruik maak nie. Die Bantoe moet besef dat dinge van hierdie aard

nie op geheimsinnige wyse uit die lug val wanneer luidrugtig daarvoor geskreeu word nie. Die metode van die towery is nie doelmatig in die nuwe situasie nie. Daardie dinge kan alleen verkry word langs die weg van inspanning en selfontwikkeling. Uiteraard neem dit tyd. Dit is 'n organiese proses wat nie plaasvind deur 'n meganiese oorskakeling nie. Revolusionêre en gewelddadige middele mag die sosiale struktuur en die politieke verhoudinge ingrypend verander, maar op sigself voorsien dit nie die vermoë en vaardighede wat noodsaaklik is om die nuwe situasie te handhaaf nie. In alle geval is die belangrike struikelblokke vir die Bantoe op sy weg na hierdie arbeidsfere geleë in die feit dat dit vir hom 'n kultureel en histories vreemde wêreld is, met betrekking tot die besondere sektore van aktiwiteit sowel as in sy totaliteit van 'n nuwe lewenswyse. Die Bantoe verkeer vandag nog maar in die aanvangstadia, waarin hy nog besig is om hom voor te berei vir hierdie nuwe avontuur.

*Die huidige toestand en vooruitsigte:*

Die finale belangrike aspek in ons ontleding raak die feitlike situasie waarin die Bantoe verkeer in die onderhawige gebied en sy vooruitsigte vir die toekoms. Die tradisionele toestand met die Bantoe in die rol van ongeskoolde hande-arbeider is besig om vinnig te verander.

Dit is geen maklike taak om 'n volledige oorsig van die huidige omstandighede te gee of om 'n voorspelling oor die toekoms te waag nie. Volgens gegewens wat prof. Sadie in 1950 aan 'n Sabrakongres voorgelê het, het daar in 1946 56,000 Bantoes 'n verdienste gevind in die handel, finansies, bankwese, professies, sport en ontspanning. Dit verteenwoordig min of meer die hele gros sg. „white collar"-werkers en omvat ongeveer 1% van die Bantoebevolking.

Verlede jaar het prof. Schumann in Durban geskat dat ongeveer 7% van die Bantoes in diens was van die professies en verwante arbeidsfere. Dit het die volgende ingesluit: 2,500 gekwalifiseerde onderwysers, die personeel van 70 poskantore wat uitsluitend deur Bantoes beman was, 7,500 verpleegsters, 14,000 polisie, 1,265 staatsamptenare, 49 prokureurs, 67 bibliotekarisse, 81 geneeshere, 73 ouditeure, 176 laboratoriumassistente en 61 chemiese ontleders.

Dit voltooi geensins die prent nie, want daarby moet ook die selfgeëmplojeerdes ingesluit word tesame met handelaars van alle soort en slag, klerikale personeel van die myne en sake-ondernemers, ens. Die syfers en prestasies vir 1946 en 1960 mag nie ten volle korrek wees nie, maar selts as skattings en met die nodige korreksies, is dit interessant en belangrik met die oog op die tendense wat daardeur aan die lig gebring word. 'n Toename van 1% tot 7% op hierdie arbeidsterrein in anderhalf dekade, is alles behalwe 'n geringe prestasie en voorspel — vir die Bantoe altans — baie vir die toekoms. Die getalle in verhouding met

die totale Bantoebevolking is uiters gering, maar die tendens in die prestasie is van groter betekenis op hierdie stadium.

In bogenoemde voordrag het prof. Sadie die aandag gevestig op die klemverskuiwing van die primêre na die sekondêre en tersiêre sektore van die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe met sy regstreekse invloed op die verspreiding van werkers en van werkgeleenthede in die samelewing. Die onderhawige „hoëre" arbeidsfere word besonderlik begunstig deur hierdie ontwikkeling in sy vroeë stadia, en vir 'n betreklike lang tyd nog sal die blankes in hierdie opsig meer profyt daaruit trek as die Bantoe. Maar uitbreiding van sekondêre en tersiêre ondernemings, vandag en in die afsienbare toekoms, hoofsaaklik nog deur blanke entrepreneurs, bring ook meer vooruitsigte vir die Bantoe. Die langsame maar nogtans sekere algemene ontwikkeling van die Bantoe en van sy ekonomiese bedrywighede moet hierby nie vergeet word nie. Dit is aanvanklik uiteraard stadig, maar die neiging gaan noodwendig toeneem in tempo en omvang.

In die eerste plek sal die toenemende onderwysgeriewe vir die Bantoe en die groeiende getalle in die laer en hoër standerds met verloop van tyd sy invloed hier laat geld. Dit gaan vergesel van die onvermydelike toenemende assimilasie van Westerse idees, kultuur en beskawing deur die Bantoe. Hoe meer die Bantoe in hierdie lewenswyse ingroei — selfs met behoud van sy eie Bantoekarakter of -persoonlikheid — des te makliker sal hy inpas in hierdie tans nog grootliks vreemde arbeidsfere. Die kumulatiewe invloed van 1½ miljoen kinders op skool op een tydstip, waarvan ongeveer 10,000 in Junior Sertifikaat- en 2,000 in die Matriekklasse, 1700 aan universitêre inrigtinge, 5,000 studente aan onderwysersopleidingskolleges, waarvan ongeveer 2,000 per jaar klaar maak, moet aansienlik wees op die algemene sosio-kulturele ontwikkeling van 'n volk sowel as op sy besondere toerusting vir 'n bepaalde funksie.

Baie is gesê en kan waarskynlik gesê word vir of teen die beweerde vertragende invloede van Blank-Bantoeverhoudinge en van regeringsbeleid op hierdie gebied. Die voor- en teen van algemene regeringsbeleid is hier nie van primêre belang nie maar wel die m.i. onloënbare feit dat die regeringsbeleid van Bantoe-ontwikkeling en die beskermende houding en maatreëls in die Bantoes se residensiële en stamgebiede, 'n besonder gunstige en stimulerende invloed op hulle inisiatief en ondernemingsgees op hierdie terrein uitgeoefen het. Blanke kompetisie is aan bande gelê en nuwe moontlikhede is geskep vir die Bantoe. Bantoepersoneel word in toenemende mate in diens geneem vir dienste aan die Bantoepubliek. Dit is my indruk dat hierdie beleid geleenthede geskep en inisiatief gestimuleer het oor die hele linie van die „hoëre" arbeidsfere in sake-ondernemings, in die onderwys (doserend, administratief en toesighoudend) op skool en kollege, in hospitale en in gesondheids- en welsynsdienste. Indiensneming van Bantoepersoneel in die Departement van Bantoe-administrasie

en -ontwikkeling, in die afdelings vir nie-blanke administrasie van plaaslike besture, in poskantore en in die polisie, op die spoorweë en vervoerwese sowel as deur die toenemende aantal Bantoe-owerhede, skoolkomitees en skoolrade, is besig om die fondament te lê van 'n Bantoestaatdiens en bied geleenthede met belowende vooruitsigte vir die nabye en verdere toekoms. Hierdie neiging kom selfs al sterker op die voorgrond in die sending en kerklike organisasie onder die Bantoes. Die kerklike beleid om te werk vir die selfstandigheid van die Bantoekerke met bediening deur Bantoeleraars moet uiteraard kragdadiglik hiertoe meewerk en sal uiteindelik self ook hierdeur baat in die kerklike administrasie. Verdere intensiewe ontwikkeling van die Bantoegebiede behoort 'n sterk stimulus ten opsigte van hierdie arbeidsontwikkeling uit te oefen, terwyl dit andersyds al hoër eise gaan stel sowat aan algemene en basiese volksonderwys as aan gedifferensieerde onderrig: tegnies, akademies, professioneel e.d.m.

Hierdie ontwikkelingsrigting bring 'n belangrike uitdaging vir blank en nie-blank in Suid-Afrika. Die blankes word gekonfronteer met die noodsaaklikheid om ernstig kennis te neem van die veranderende situasie en om hulle te besin oor die werklike betekenis en verantwoordelikheid van voogdyskap. Dit is my oortuiging dat afgesien van sy kerstening die grootste enkele voordeel wat die Bantoe verkry het deur sy aanraking met die blanke beskawing, die geleentheid om te werk en die Westerse werkgewoontes is. Arbeid is fundamenteel vir kultuur en beskawing. Maar dit mag ook nie op jaloerse of vreesbevange wyse beperk word tot ongeskoolde en tot hande-arbeid nie. Dit is waar dat die arbeidsverhouding vir die blanke en sy voortbestaan en vir sy sosiaal-politieke situasie groot gevare meebring. Soos ek by 'n vroeëre geleentheid beweer het: ons grootste kultuurkrisis is gemoeid met die vraagstuk van nie-blankearbeid. Maar die oplossing daarvoor lê nie in die ontsegging van geleenthede aan die Bantoe om ook op die arbeidsleer hoër te klim nie, maar om dit te kan doen in daardie gebiede wat tradisioneel sy vaderland is en wat hy met energieke hulp van die blanke moet ontwikkel tot dieselfde hoogtes as die blanke se tuiste. Die Bantoe word derhalwe voor die uitdaging gestel om homself toe te berei vir 'n reeks bedrywighede en vir 'n lewenswyse vreemd aan sy tradisies maar onvermydelik vir die toekoms. Hulle moet 'n nuwe arbeidswêreld betree en moet daarin slaag.

P.U. vir C.H.O. J. H. Coetzee.